The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.







# Inkopie-wonder amptelik oop

## 131 038 $m^2$ se winkelruimte huisves meer as 300 winkels

**Die enorme Mall of Africa in Waterfall City in Midrand, wat gister sy deure geopen het.**

Die ikoniese Mall of Africa in Waterfall City in Midrand het gister amptelik sy deure geopen.

Dié inkopie-wonder met ruimte van 131 038 $m^2$ is die grootste enkelfase-winkelsentrum wat nóg in die land die lig gesien het. Dit huisves meer as 300 winkels met van die gesogste handelsname ter wêreld en het 'n waarde van R4,9 miljard.

'Die opening van die mega-sentrum is 'n strategiese mylpaal vir kleinhandel in Suid-Afrika en verhoog inderdaad die kleinhandelervaring tot die volgende vlak," sê Morné Wilken, uitvoerende hoof van Attacq, wat 80% van die sentrum besit.

Louis van der Watt, uitvoerende hoof van Atterbury, sê die sentrum strook met die ontwikkelaar se visie om inkopie- en vermaaklikheidsruimtes te skep waar 'n ieder en 'n elk tot hul volle potensiaal kan kom.

Daar word konserwatief beraam dat naastenby 15 miljoen mense die sentrum jaarliks sal besoek.

Toegang tot die Mall of Africa kan verkry word deur 26 ingange, en daar is 50 hysbakke en 40 roltrappe.

Onder die internasionale handelsname wat ruimte opgeneem het, tel Cotton On, H&M, Forever New, River Island, Mango en Versace. Suid-Afrikaanse handelsname sluit in Foschini, Mr Price en Truworths.

Die ankerhuurders is onder meer Woolworths, Edgars, Checkers en Game.

Internasionale handelsname wat hul eerste tree in Suid-Afrika hier neem, sluit in Armani Exchange, Helly Hansen, Asics, Zara Home, The Kooples, Under Armour en Mango Man.

Van der Watt sê die ontwikkeling het die diversiteit van Suid-Afrika se kleinhandelsektor 'n hupstoot gegee, Gauteng se silhoeët verander en die ekonomie gestimuleer.

> **Die ontwikkeling het die diversiteit van die kleinhandelsektor 'n hupstoot gegee.**
>
> — LOUIS VAN DER WATT

Op sommige dae tydens konstruksie was daar tot 14 000 kontrakteurs van verskillende dissiplines op die bouperseel.

Die sentrum bied werk aan sowat 4 500 mense.

James Ehlers, besturende direkteur van Atterbury Property Developments, sê die konstruksie-area dek 'n massiewe 550 000 $m^2$, die ekwivalent van 78 rugbyvelde.

Wilken sê die Mall of Africa sal as 'n sterk katalisator dien vir 'n toename in die vraag na ruimte in die omliggende Waterfall City.

"Dit is reeds stewig gevestig as 'n bestemming waar inwoners, ondernemings en besoekers kan woon, werk en ontspan."